Dienelkander

Nuusbrief van die Gereformeerde Kerk Potchefstroom-Oos

Bedieningstema Oktober 2024
Geloofsgroei – Efes. 4: 15-16
24 November 2024

09:30 OGGENDEREDIENS: Ds Piet Venter

Ons fokus steeds op ons bedieningstema vir Novembermaand nl: “Geloofsgroei”. Ons het verlede Sondag met Nagmaal Christus se roepstem gehoor dat ons na Hom toe moet gaan, want Hy is ons geloofsgroei. Sondagaand het ons gehoor dat God die kerk so gestruktureer het dat ons as lidmate van die kerk deur die verkondiging van die Woord kan groei in ons geloof, maar veral ook deur self diensbaar te wees. Geloofsgroei word gestimuleer deur jou gawes vir die Here en vir jou naaste aan te wend.

Vanoggend hoor ons hoe die volheid van die lewe wat God ons skenk, ons motiveer om te groei in ons geloof. Paulus gee leiding aan Timoteus oor hoe hy sy verhouding met God moet koester, versterk en laat groei. Daar word gepraat van voeding, oefening, voorbeeld stel en versorging. Kom ons leer saam van ons lewe in God as bron vir ons geloofsgroei.

Tema: Die lewe in God is die motivering vir jou geestelike oefenprogram en dieet.

Lofsang met die oog op die erediens
Lied 199: 1, 3; Lied 215: 1, 2, 5;
Sb. 3-5: 1, 2, 3, 4

Ontmoetingsdiens
Intreelied Lied 151: 1, 2; Votum; Groetseën; Loflied Sb. 2 – 4: 1, 2, 3; Geloofsbelydenis: Geloofsbelydenis van Nicea

Verootmoedigingsdiens
Die Wet uit Eksodus 20; Sing Sb. 9 – 1: 10, 11; Gebed

Woorddiens
Skriflesing: 1 Timoteus 4: 6 - 16;
Teks: 1 Tim 4: 6 – 10;
Sing Sb. 14 – 4: 1, 2, 3, 4; Woordverkondiging

Antwoorddiens
Gebed; Sing Sb. 3 – 4: 1, 2, 5; Wegstuurseën; Amen Sb 13-3.

BUITELUG KERSSANGDIENS:
18:00 VIR 18:30

Bring asb. kampstoele saam. Daar sal stoele wees vir senior lidmate. Kyk ook na die versoek insake skryfbehoeftes wat ons wil

skenk vir die kinders in die Paul Kruger Kinderhuis, Reddersburg.

MEELEWING

- Ronel Coetzee was in die hospitaal opgeneem vir toetse en sy sterk nou tuis aan.
- Giel Vermeulen het geval en is in Medikliniek opgeneem. Sy neus is gekraak en hy het steke aan sy neus en voorkop gekry en sy skouer het ‘n fraktuur. Plate het gewys dat sy knie tekens van erge artritis toon.

Ons bid al hierdie lidmate troos en beterskap toe in hierdie beproewings.

ONS VRA VOORBIDDING VIR DIE VOLGENDE LIDMATE WAT SUKKEL MET SIEKTE OF SWAK GESONDHEID

Estette Bredenkamp, Kitty Kruger, Annatjie Duvenage, Bettie Niemand, Rita Schutte, Marianna Kruger en Marianna du Plessis.

BAIE GELUK

Frans en Heidi van der Walt se vierde kleindogter is gebore en vernoem na Frans se ma, haar oumagrootjie, Hanna Remona!

BEDIENINGE VAN HIERDIE WEEK

Vandag
09:00 Gebedsgroep
09:30 Oggenddiens
Geen Kleuterbediening
Tee en koffie
18:00 vir 18:30 Gesamentlike Kerssangdiens

Woensdag
Kersmark pak uit

Donderdag
Kersmark begin
“Grief-share” het afgesluit

AFKONDIGINGS

- Liefdegawes vandag: Diakonie (Groot boks) en Diakonie KO (Klein boks), Zapper-betaalmetode beskikbaar.
- Gawes volgende Sondag by die deure vir ons eie Diakonie.
- Vrywillige bydrae vir voertuigsekuriteit kan in die bussies gegooi word.
- Diensbeurt: Groep 1 en 36.

VERJAARSDAE

Baie geluk aan almal wat DV hierdie week verjaar!

Sondag, 24 November
Sr Christa Bloem
Br Frans vd Walt

Maandag, 25 November
Jsr Karli Storm

Dinsdag, 26 November
Br Walter Plotz

Donderdag, 28 November
Br Danie de Waal
Br Pierre Volschenk

Vrydag, 29 November
Br Johannes v As
Br Jan v Jaarsveld

Saterdag, 30 November
Br Bertie Basson
Sr Marike Grobler
Sr Marthie Kruger

***** Lidmate met spesiale verjaarsdae – 75 jaar en ouer

Mooirivier Kersmark

KERSMARK:
28 November - 7 Desember 2024

HIERDIE WEEK BEGIN die Kersmark!
Ons het u almal se hulp nodig om daarvan ‘n sukses te maak. **Kontak ons gerus indien u iewers kan help.**

ITEMS BENODIG:
Borge om ons te help dra aan die uitgawes;
AA-batterye;
Klein “hearing aid”-batterytjies (Kode: 675 PR44)

Kontak vir hulp:
Restaurant - Alta v Zyl
Kassiere - Carina Coetsee
Dekor - Mariska vd Walt
Toesighouding - Susan Lourens
Die Tafel - Marlise Styger
Bemarking - Yolandi Haasbroek / Charlene Sharpley

GKSA-ALMANAK 2025 MET DAGSTUKKIES

Die Almanak is in die kerkkantoor beskikbaar vir lidmate wat bestel het.

GESAMENTLIKE KERSSANGDIENS - VANAAND OM 18:00 VIR 18:30

Ons is baie opgewonde oor die Kerssangdiens vanaand. Die tema van die diens is: Voorspelling, Vervulling, Vrede en Vreugde. Ons fokus uit die Skrif op hierdie temas in verband met die geboorte van ons Here Jesus met die gebruiklike gemeentesang wat daarby aansluit.

Dankie vir diegene wat reeds gesê het hul kinders gaan kom deelneem, maar AL die kinders is welkom om saam te kom sing. Ons gaan vanoggend gou na die diens vir so 15 min. voor by die klavier in die kerk weer oefen.
ONTHOU OM EIE STOELE TE BRING ASOOK SKRYFBEHOEFTES VIR KINDERHUIS

GKSA-NUUS

Beroepe ontvang
- Proponent JFR (Johann) de Waal na GK Pietermaritzburg.
- Ds PGP (Pieter) le Roux van GK Wonderboompoort na GK Potgietersrus.

Beroepbaarstelling
Die volgende kandidate is die afgelope week deur verskillende kerklike vergaderings beroep gestel:
Theuns de Bruyn, Johann de Waal, Riaan Wattel, Mukesh Kumar.

RAPPORT AAN DIE KERKE VAN KURATOREVERGADERING

Die kuratore het van 11-14 November 2024 vergader en rapporteer graag aan die kerke oor die stand van teologiese opleiding in die GKSA. Met groot dank aan die Here kan ons rapporteer dat die werk aan die Teologiese Skool met vrug en ywer voortgaan.

1. Studentesake

Daar is tans 35 studente wat onder toesig van die kuratore aan die TSP studeer om predikante in die GKSA te word. Die studente is soos volg versprei oor die verskillende jaargroepe: vier eerstejaars, drie tweedejaars, vier derdejaars, agt vierdejaars, vyf vyfdejaars en elf sesdejaars. Daar is groot nood aan predikante vanweë ‘n groot aantal predikante wat moontlik oor die volgende jare gaan emeriteer. Die kuratore doen ‘n beroep op kerke (vgl. KO artikel 19) om geskikte broeders met die nodige gawes aan te moedig om aan te meld vir predikantsopleiding.

Die kuratore besluit met dankbaarheid dat studente Schalk Buys, Theuns de Bruyn, Johann de Waal en Riaan Wattel kandidaatsertifikate ontvang om by streeksinodes aan te meld vir eksaminering om beroepbaar gestel te word.
In uitvoering van Sinode 2023 se besluit dat kandidaatsopleiding so ingerig word dat studente meer blootstelling aan die praktyk van die bediening kan kry, is die finale akademiese jaar met ‘n praktiese bedieningsjaar gekombineer. Die kuratore neem met dank kennis dat hierdie praktiese jaar oor die algemeen positief verloop het en wil ook die betrokke gemeentes en predikante wat uit hulle pad gegaan het om die studente te akkommodeer, vir hulle insette bedank. Die Senaat is steeds besig om die inrigting van die finale jaar te verfyn en betrokke gemeentes sal verder hieromtrent ingelig word.

Vier studente in die vyfde jaar het preekkonsent ontvang om hulle preekgawes in die gemeentes te oefen.

2. Professore en personeel

Die dienswerk van die professore word deur artikel 18 van die Kerkorde gereël. Daar is tans elf beroepe professore wat hierdie diens aan die TSP vervul. Die kuratore neem met dank kennis van die werk wat die professore verrig om toekomstige predikante op te lei en die reformatoriese teologie deur navorsing uit te bou. Onderhandelinge met die NWU omtrent die posisie van die beroepe professore na die uitloop van die 2006-ooreenkoms, gaan voort.
Die TSP betuig dank aan mev. Hester Lombard wat as bibliotekaresse na jare se diens met pensioen gaan. Ons bede is dat sy in hierdie fase van haar lewe steeds die Here se seën en genade sal ontvang.

Die afgelope tyd het daar vakatures ontstaan in die vakgebiede kerkreg en praktiese teologie. Die kuratorium het derhalwe besluit om hierdie vakatures te vul en met die beroepingsproses te begin.

3. Ontbondeling van gedeelde fasiliteite deur die NWU en GKSA Onderhandelinge met die NWU vind plaas oor die ontbondeling van belange, met die ooreenkoms tussen die GKSA en die NWU wat in 2026 ten einde loop. Die onderhandelingsproses is aan die

gang en raak die gebruik van fasiliteite, geboue en Jan Lion Cachet Biblioteek. Onderhandelinge met die NWU met betrekking tot die uitfasering van die 2006 ooreenkoms en die pad vir verdere samewerking na 2026 is steeds aan die gang.

Teologiese opleiding sentreer in Potchefstroom en die eerstejaarsopleiding van 2025 word aanlyn aangebied. Hierdie eerstejaarsopleiding is ‘n nie-geakkrediteerde sertifikaatkursus waarop die Kuratore besluit het.

Die verhouding TSP en GTA

Die Gereformeerde Teologiese Akademie (GTA) skep die platform waar persone gereformeerde teologie kan studeer. Die verhouding tussen die GTA, Teologiese Skool en die kuratore kan soos volg omskryf word:

• Die GTA is ’n geregistreerde maatskappy met die doel om teologiese opleiding te verskaf. Die GTA maak dit moontlik dat persone Skrifgefundeerde teologie kan studeer. Die teologiese opleiding by die GTA word aangebied in oorleg met die TSP en kuratore. In die sin kan die GTA vergelyk word met die NWU, waar voornemende predikante akademies opgelei is.

• Die Teologiese Skool Potchefstroom (TSP) gee gestalte aan die kandidaatsopleiding en vorming van voornemende predikante, asook praktiese en administratiewe behoeftes vir die opleiding van persone wat predikante in die GKSA wil word (kandidaatstudente). Die GTA stel na oorleg met die TSP die kurrikulum op wat deur die GTA aangebied word. Dit sluit in die ontwikkeling en moderering van modules en die verantwoordelikheid om toe te sien dat dit ooreenkomstig die gereformeerde leer aangebied word.

• Die kuratore is ‘n kerklike vergadering. Die funksie en doel van die kuratore is om professore te beroep wat dienswerk by die TSP en GTA doen, toesig te hou oor hulle dienswerk, en om toesig te hou oor die toelating en studies van kandidaatstudente. Belangrike besluite is geneem om uitvoering te gee aan die besluite van Sinode 2023 met betrekking tot die GTA en teologiese opleiding.

• Vanweë vloeibare en onseker omgewing met betrekking tot wetgewing wat private hoëronderwys-instellings, is dit tans nie wenslik om die GTA binnelands te registreer en modules te akkrediteer nie. Samewerking word tans in die buiteland, by name met die Puritan Reformed Theological Seminary (PRTS) in die VSA onderhandel.

• Die moontlikheid van binnelandse registrasie en akkreditasie word by wyse van die Jonathan Edwards Institute hanteer.

• Voornemende studente deurloop in die eerstejaar ‘n sertifikaatkursus by die GTA wat verdere toelating tot predikantstudies en die MA-graad by PRTS gee.

• Die aansoekproses vir studies as predikant begin steeds by die TSP.

• Leerplanne is besig om verder ontwikkel en verfyn te word, met die klem op missionale gerigtheid, sodat onderrig kan dien tot die aktuele uitdra van die

evangelie in die konteks van ons kerke.

4. Finansies

Die kuratore rapporteer met groot dankbaarheid dat die finansiële posisie van die TSP oor die algemeen gesond is. Die kerke verleen finansiële hulp aan studente wat hulle as predikante in die GKSA wil bekwaam uit die studente hulpkas. Die kuratore kan met dankbaarheid rapporteer dat studente die nodige hulp ontvang om met hul studies voort te gaan. Om studente tot hulp te wees, is die hulpkas afhanklik van die bydraes en kollektes van die kerke.

Die kuratore betuig opregte dank vir die fondse wat deur die kerke vir hierdie doel voorsien word.

5. Voorbidding

Voorbidding word gevra:

• Dank aan die Here vir sy genade en voorsiening dat die TSP, professore en studente in sy diens kan arbei;

• Dat die Here broeders sal voorsien om as Woordbedienaars toegerus te word;

• Dat die Here sal voorsien aan die nodige middele en mense dat die werk aan die TSP en GTA kan voortgaan;

• Dat die Here wysheid en insig aan alle betrokkenes sal gee om in ‘n snelveranderende hoër onderwys omgewing, besluite te neem wat tot uitbreiding van God se koninkryk en sy kerk strek.

POS BESKIKBAAR: GK DIE BULT
ADMINISTRATIEWE BESTUURDER

Vir inligting om aansoek te doen, skakel Lucas Venter 082 684 9087 / venter.lucas@gmail.com

BAIE DANKIE AAN ONS BORG VAN DIE WEEK!

SUSTERS

2 KOR. 7:1 "... LAAT ONS ONS DAN REINIG VAN ALLES WAT LIGGAAM EN GEES VERONTREINIG, EN ONS IN GEHOORSAAMHEID AAN GOD VOLKOME AAN HOM TOEWY."

SUSTERS: ELEKTRONIESE INBETALINGS

Liewe suster, om dit vir jou makliker te maak kan jy gerus die "Zapper App" aflaai en dan hierdie QR-simboolkode vir elektroniese inbetalings aan die Susters gebruik. Dui asb net vir ons aan waarvoor jy bydra: Jaarlikse sustersbydrae / Blikkies-warmharte / Kansa / Donasies.

TEESKINK-GELEENTHEID

Tee en koffie word vandag na die oggenddiens in die Skuur bedien.
Baie dankie aan groepsusters en hul groepe wat vandag hiermee help:
Carin Kloppers en groep 7, Marian de Kock en groep 15, Marie Oosthuizen en groep 25, asook Nauma Blom en groep 33.

BLIKKIES-WARMHARTE

Die doel van die blikkies (wat jy in die voorportaal van die kerk kan kry) is dat almal hulle lastige kleingeld in 'n blikkie sal gooi en die vol blikkie dan in die voorportaal van die kerk sal neersit. Die geld word dan gebruik om blomme of iets toepaslik aan te koop vir iemand wat deur beproewing gaan. Bring gerus vir ons daardie kleingeld wat julle in grendeltyd opgegaar het vir hierdie fonds.
Baie dankie vir julle getroue bydraes!

KANSA

CANSA
Research • Educate • Support

Liewe suster, soos jy reeds weet ondersteun ons gemeente jaarliks vir KANSA. Ons wil steeds hierdie jaar probeer om hulle te ondersteun. Indien jy, familie of vriende tot hierdie projek wil bydra kan jy gerus jou donasie aan die kerk oorbetaal met verwysing "KANSA" sodat ons weet om die geld aan hulle oor te betaal. Daar is ook koevertjies in die voorportaal beskikbaar, spesiaal vir KANSA-bydraes!

KWARTAALPROGRAM

DATUM	DAG	TYD	WIE	WAT
24 Nov	Sondag	18:00	Almal	Kerssangdiens
28 Nov - 7 Des	Don - Sat	07:00 tot 20:00	Almal	Mooirivier Kersmark

Oosdoppertjie-Jeugbediening

1. Erediens Kinderblad

Ons kinders se deelname aan die erediens is belangrik. Ons dink aan die Here Jesus se uitnodiging: Laat die kindertjies na My toe kom! Die erediens is 'n ontmoeting tussen God en sy volk en ons kinders is net soveel deel van hierdie ontmoeting as ons volwassenes.

Om egter vir ons kinders hierdie ontmoeting so sinvol as moontlik op hulle vlak van verstaan te maak, gee ons tydens die skoolkwartaal 'n Kinderblad uit. Dit is voor die erediens in die voorportaal beskikbaar. Daar is ook inkleurpotlode en knipborde beskikbaar. Hierdie kinderblad bied aktiwiteite wat die kinders tydens elke element van die erediens kan voltooi. Ouers kan die kinders begelei oor hoe om dit te voltooi. Die hoop is dat die blaadjie ons kinders sal laat groei in hul geloof en verhouding met ons Here.

2. Bediening vir voorskoolse jeug tydens eredienste

Gedurende die skoolkwartaal bied ons vir die voorskoolse jeug 'n georganiseerde program aan, terwyl Woordverkondiging plaasvind. Die kleuterbediening vind plaas deur 'n lessie wat op die kleuters se vlak aangebied word, asook speletjies, samesang en gebed. Kleuters van 3jr tot Gr R is welkom om by ons aan te sluit. Enigiemand wat die behoefte het om betrokke te raak by kleuterbediening, is welkom om Tineke te kontak.

Kontakpersoon: Tineke van Rooyen (084 657 1019)

ALGEMENE INLIGTING

LIEFDEGAWES VIR BARMHARTIGHEID (DIAKONIE)

Hierdie QR-simboolkode is gekoppel aan die Diakonie se rekening en slegs bydraes vir Barmhartigheid kan daarmee gemaak word - geen ander betalings aan die Diakonie of kerkraad nie.

KONTAKBESONDERHEDE

Ds. Piet: 018 290 5635 / 082 779 1237
Hulpdiens: Ds. Pieter vd Walt – 082 851 3637
Ds. Daan Bakker - 082 829 8456
Kerkkantoor: Adele – 018 290 7690 / 082 532 8658 / kerkkantoor@oosdoppers.co.za
Koster: Dawie v Zyl – 082 774 7936

BANKBESONDERHEDE

Geref. Kerk Potchefstroom-Oos	**Diakonie**	**Susters (Nuwe rek)**
ABSA Bank	ABSA Bank	FNB
Tjekrek: 670 340 066	Tjekrek: 670 280 160	Tjekrek: 631 043 29130
Takkode: 632-005	Takkode: 632-005	Takkode: 250 655

SOSIALE MEDIA

WhatsApp: 067 713 2332
Facebook: www.facebook.com/oosdoppers
Webblad: www.oosdoppers.co.za
Erediens videobank: http://ow.ly/ivfZ309vsdc

Intydse erediensuitsendings op YouTube by: Oos-Doppers Potch